**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**
(GAUTENG AFDELING, PRETORIA) 26/02/2015

Saakno: 3504/2012

In die saak tussen:

DELETE WHICHEVER IS NOT APPLICABLE
(1) REPORTABLE: ~~YES~~/NO
(2) OF INTEREST TO OTHER JUDGES: ~~YES~~/NO
(3) REVISED ✓

DATE 26/2/15 SIGNATURE

**J C FICK** Eiser

en

**DIE MINISTER VAN POLISIE** Verweerder

---

## UITSPRAAK

---

**D S FOURIE, R:**

[1] Hierdie uitspraak word in Afrikaans gelewer aangesien die hele verhoor in Afrikaans gevoer is. Die eiser, 'n 61-jarige boer van Bloemhof, vorder betaling in die bedrag van R300 000.00 as algemene skadevergoeding nadat hy op 25 November 2011 deur beamptes in diens van die verweerder sonder 'n lasbrief gearresteer en vir ongeveer drie dae aangehou is.

[2] Alhoewel die verweerskrif hoofsaaklik uit 'n algemene ontkenning bestaan, word daar in die voorverhoornotule erken dat die eiser deur polisiebeamptes sonder 'n lasbrief gearresteer en aangehou is, maar die verweerder voer aan dat die arrestasie en aanhouding regmatig was. Daar

word gesteun op die bepalings van artikel 40(1)(b) en (e), saamgelees met artikel 50(1)(c)(ii) en (d)(i) van die Strafproseswet, No 51 van 1977 (par 11 van die voorverhoornotule).

[3] Dit is gemene saak dat die arrestasie op Vrydagoggend 25 November 2011 sonder 'n lasbrief uitgevoer is deur polisiebeamptes wat opgetree het in die loop van hulle diensbestek en in die uitvoering van hul pligte. Die eiser is aanvanklik by die Bloemhof polisiestasie aangehou, maar hy is later na die Hoopstad polisieselle oorgeplaas vir verdere aanhouding tot Maandagoggend, 28 November 2011.

[4] Hy het toe in die Landdroshof verskyn waarna hy op borg vrygelaat is. Die saak teen hom is op 14 Desember 2011 teruggetrek. Tydens die eiser se arrestasie is daar op verskeie items beslag gelê welke items later aan die eiser se seun of die eienaars daarvan terugbesorg is. Die kwantum van die eis is later in die bedrag van R95 000.00 ooreengekom.

[5] Die kerngeskilpunt is die vraag of die arrestasie en aanhouding regmatig was. Dit sluit in die redelikheid van die arresterende beamptes se diskresie om te arresteer asook sy gevolgtrekking dat daar voldoende getuienis en/of bewys bestaan het om die arrestasie te regverdig. In die lig van die verweerder se erkennings en die feite wat gemeensaak is, het die partye ooreengekom dat die beginlas op die verweerder rus.

**GETUIENIS VIR DIE VERWEERDER**

DU TOIT

[6] Mnr Du Toit is 'n boer in die omgewing van Bloemhof. Hy het getuig dat op 21 November 2011 het hy opgemerk dat daar by die huis op sy plaas ingebreek was. Langs die huis was daar 'n dubbel-as-sleepwaentjie geparkeer. Hy sien toe dat die wiele van die sleepwaentjie verwyder is en dat dit op klippe staan. Hy het toe die voorval by die polisie gerapporteer.

[7] Gedurende die vroeë oggendure van 25 November 2011 is hy deur sy buurman gekontak. Toe hy op die plaas kom vind hy voertuigspore in die omgewing van die huis. Hy sien ook dat sy ou bakkiespomp nie meer daar is nie. Volgens hom was die grond nat en kon hy die voertuigspore volg. Dit het hom gelei tot by die eiser se plot. Daar het hy omgedraai en by die polisiestasie op Bloemhof gaan rapporteer wat hy gesien het. Later die oggend is hy, vergesel van sekere polisiebeamptes, terug na die eiser se plot. Daar het hulle die eiser aangetref.

[8] Die polisiebeamptes het toe vir die eiser gevra of hulle sy plot kan deursoek waarna hy ingestem het. Daar is verskeie items gevind wat onder 'n seil toegemaak was. Dit was onder andere elektriese motors, kabels wat afgeknip was en wiele. Die getuie het drie van die wiele as sy eiendom geïdentifiseer. Dit was swart geverf en die een wiel se band is kort tevore vervang. Hy het die uitkenning in die teenwoordigheid van die polisie-

beamptes gedoen waarna die polisie op sekere van hierdie items beslag gelê het.

[9] Volgens dié getuie het die polisie in sy teenwoordigheid vir die eiser gevra om 'n verduideliking te gee. Hy sê toe die wiele behoort aan sy seun en dat hy daarvan kennis dra. Die seun was egter nie teenwoordig nie en hulle kon hom ook nie telefonies kontak nie. Die polisie het toe op die items beslag gelê en die eiser gevra om hulle na die polisiestasie te vergesel.

[10] In kruisverhoor is hy na een van sy polisieverklarings verwys waarin hy melding maak van slegs een wiel waarvan die velling swart geverf was. Hy verduidelik dat hy bedoel het om na net een van die wiele te verwys. Hy het ook genoem dat alhoewel hy saam met die polisie op die eiser se plot was, hy nie heeltyd in die teenwoordigheid van die eiser of die polisie was nie. Hy het bevestig dat die eiser aan die polisie gesê het dat hy nie kennis van die wiele dra nie, maar dat sy seun daarvan weet.

RAMAKETSI

[11] Hierdie getuie is 'n adjudant-offisier in die Suid Afrikaanse Polisie wat as 'n speurder te Bloemhof gestasioneer is. Hy was die ondersoek-beampte in hierdie saak. Op 25 November 2011 het mnr Du Toit by die polisiestasie opgedaag en gesê hy vermoed dat van sy eiendom op die plot van die eiser is. Hy en drie of vier ander polisiebeamptes is toe saam met

mnr Du Toit na die eiser se plot toe. Aanvanklik het dit gelyk of die eiser nie tuis was nie, maar hy het later te voet daar opgedaag.

[12] Die getuie het homself voorgestel en die doel van sy besoek verduidelik. Nadat hy toestemming gekry het om die plek te deursoek gaan hy na 'n stoorplek waar hy sekere goedere onder 'n seil aantref. Daar was onder andere 'n waterpomp, masjiene, kabels, 'n boor en wiele. Mnr Du Toit het drie van die wiele uitgewys en beweer dit is gesteel. Hy het een daarvan as sy eiendom uitgeken.

[13] Die getuie het toe vir die eiser gevra om 'n verduideliking te gee. Die eiser het gesê dat sy seun die wiele daar aangebring het en dat hy dit by 'n vreemde persoon gekry het. Hy kon nie sê wie daardie persoon was nie. Die eiser se seun was ook nie daar nie. Die eiser het toe probeer om sy seun op 'n selfoon te kontak, maar dit was sonder sukses. Die eiser het verder gesê dat onbekende persone wat delwers is, die ander goed daar aangebring het.

[14] Toe hulle die eiser vra waarom stoor hy goed van onbekende persone, sê hy hulle is van Lichtenburg. Hy probeer hulle toe skakel, maar volgens die getuie het dit hulle verbaas dat hy gepoog het om die onbekende persone te kontak. Volgens die getuie het hulle vermoed dat die goedere gesteel is en was hulle nie tevrede met die eiser se verduideliking nie. Hy is toe gearresteer vir die besit van vermoedelik gesteelde goedere nadat sy regte aan hom verduidelik is. Daar is ook op die goedere beslag gelê.

[15] Vandaar is hulle na die speurtak toe. Daar het die eiser probeer om met sy seun asook die mense wat hy beweer het die eienaar van die goedere is, in verbinding te tree. Hy het verduidelik dat die wiele aan hom gegee is, maar het nie die besonderhede van daardie persoon gehad nie.

[16] By die polisiestasie is daar weer gepoog om 'n sekere persoon te skakel wat na bewering die eienaar van die goedere was. Die eiser het sy selfoon gebruik waarna hy dit aan adjudant-offisier Swart oorhandig het. Adjudant-offisier Swart het toe aanvanklik met hierdie persoon in Engels gepraat, waarna die ander persoon toe oorgeslaan het na Tswana. Die getuie het toe verder met hierdie persoon gepraat en aan hom verduidelik wie hy is asook wat die rede vir die oproep was. Die persoon het gesê hy is in Witbank en toe die gesprek kort gesny deur af te lui. Die eiser het beweer dit is een van die persone wat die goedere daar by hom gestoor het.

[17] Hulle was weer eens nie met die eiser se verduideliking tevrede nie, aangesien die persoon wat na bewering die eienaar van die goedere is nie opgedaag het nie en verder ook nie oor die foon wou praat nie. Hy het toe 'n waarskuwingsverklaring van die eiser geneem en daar is besluit om hom verder aan te hou tot die Maandag wanneer hy voor die Hof sou verskyn. Volgens die getuie het die eiser nie 'n redelike verduideliking vir die besit van die goedere gegee nie en daar was geen rede om mnr Du Toit se uitkenning nie te glo nie. Die getuie het ook genoem dat die eiser self nie 'n delwer is nie.

[18] In kruisverhoor het die getuie bevestig dat die eiser nooit daarop aanspraak gemaak het dat die goedere sy eiendom is nie. Wat die seun se latere verduideliking betref het hy gesê dat dit nie vir hom sin gemaak het nie. Hy is gevra of hy van 'n sekere Piet Jacobs gehoor het waarop hy geantwoord het dat hy dié naam eers op Maandag 28 November 2011 gehoor het. Hy is toe weer oor die drie wiele uitgevra waarop hy gesê het dat mnr Du Toit na drie wiele verwys het waarna hy toe een daarvan duidelik as sy eiendom kon uitken.

[19] Volgens die getuie het werknemers van mnr Du Toit ook die een wiel as sy eiendom uitgewys, maar was onseker oor die ander twee wiele. Hy het weer genoem dat die eiser nie in staat was om hom in verbinding te stel met die persone wat hy beweer het die eienaar van die goedere was nie, maar het toegegee dat hy wel die name van ene Brown en Thabo genoem het. Hy het ook gesê dat mnr Du Toit vroeër vir hom van die voertuigspore vertel het, maar toe hulle daar aangekom het was dit nie meer sigbaar nie.

MAROMU

[20] Hierdie getuie is 'n adjudant-offisier in die Suid Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Bloemhof. Hy was nie betrokke by die eiser se arrestasie nie. Hy het verwys na 'n verklaring rakende 'n onderhoud met 'n verdagte (p 51 van die bundel) wat op die eiser betrekking het. Volgens hom het hy 'n verduideliking van die eiser gevra, maar die eiser het verkies om sy

verduideliking in die Hof te gee. Die eiser het daarna wel op die Maandag in die Hof verskyn.

SWART

[21] Adjudant-offisier Swart is 'n speurder gestasioneer te Bloemhof. Hy was deel van die groep wat op die Vrydag die eiser se plot besoek het. Nadat die eiser toestemming gegee het is die perseel deursoek. In 'n stoor het hulle goedere gevind wat onder 'n seil en strooisakke toegemaak was.

[22] Mnr Du Toit het toe drie wiele uitgewys wat soortgelyk was aan die wiele wat by hom gesteel is. Een daarvan wat swart geverf was kon hy as sy eiendom uitken. Daar was ook elektriese pompe en kabels. Die getuie het vermoed dat dit gesteel kon wees, aangesien van die pompe se kabels kort by die pompe afgeknip was. Volgens hom ontvang hulle verskeie klagtes van boere en delwers wat beweer dat hulle pompe en kabels gesteel word.

[23] Die eiser het toe probeer om sy seun met 'n selfoon te kontak, maar hy kon hom nie in die hande kry nie. Volgens die getuie is die eiser 'n boer, maar het self nooit gedelf nie. Hy beweer dat die eiser nie in staat was om 'n redelike verduideliking vir die besit van die goedere te gee nie. Nadat hulle weg is van die eiser se plot het die getuie oor die telefoon gepraat met 'n persoon wat na bewering die eienaar van die toerusting was. Hulle het in Engels gepraat en toe die getuie sê dat hulle op die toerusting beslag gelê

het, het die ander persoon na 'n vreemde taal oorgeslaan. Die getuie het toe die telefoon aan adjudant-offisier Ramaketsi oorhandig.

[24] Daarna is die getuie en die eiser na die getuie se kantoor toe. Daar het hy twee telefoonnommers afgeskryf. Hy skakel toe die nommers maar kry geen antwoord nie. Die getuie het toe weer probeer, maar steeds geen antwoord gekry nie. Behalwe vir die naam "Boeta" wat 'n verwysing na die eiser se seun is, is geen ander name genoem nie.

[25] In kruisverhoor is die getuie gevra wat so onredelik aan die eiser se verduideliking was. Hy het geantwoord dat hy kon geen stawing vir die eiser se verduideliking kry nie. Hy kon ook nie oor die myntoerusting met die betrokke persone kontak maak nie. Verder, volgens hom het mnr Du Toit die een swart wiel positief as sy eiendom geïdentifiseer. Hy het ook gesê dat die polisie dan moet optree, aangesien die goedere verskuif kan word. Hy het bygevoeg dat hy die eiser reeds vanaf 1990 "amptelik en nie-amptelik" ken.

[26] Tydens herverhoor het die getuie bygevoeg dat daar redelike gronde bestaan het om te vermoed dat die goedere vinnig gedurende die nag verwyder is, want "die draad is sommer so amper teenaan die motor afgeknip". Op 'n vraag van die Hof wat dit beteken dat hy die eiser "amptelik en nie-amptelik" geken het, het die getuie gesê dat die eiser al voorheen aan veediefstal skuldig bevind is.

**GETUIENIS VIR DIE EISER**

EISER

[27] Die eiser het getuig dat hy tans 61 jaar oud is. Hy is op 25 November 2011 op sy plot gearresteer. Hy was daardie oggend besig om lyndrade op sy plot te herstel. Toe hy voertuie op sy plot sien het hy nader gestap. Hy vind toe mnr Du Toit en drie polisiebeamptes binne-in sy een stoor. Adjudant-offisier Swart was besig om van die huis se kant af nader te kom. Adjudant-offisier Swart sê toe daar is skroot by mnr Du Toit gesteel en stap toe na die stoor toe.

[28] Volgens die getuie het adjudant-offisier Ramaketsi gesê hulle is op soek na gesteelde goed. Hy het toe gesê dat hy niks daarvan weet nie. Adjudant-offisier Ramaketsi het toe gevra of hulle die perseel kon deursoek waarna hy ingestem het. Hulle is toe weer by die een stoor in waar hy gevra was wie se eiendom daar lê. Dit is die goed wat onder 'n seil toegemaak was sodat die lusern se blare nie daar kon ingaan nie. Die getuie het toe verduidelik dat die goed aan 'n delwery behoort en dat hulle oor drie weke daar sou kom delf. Daar is ook na pype onder 'n boom verwys wat deur hierdie delwers daar neergesit is.

[29] Volgens die getuie het hy adjudant-offisier Ramaketsi meegedeel dat hy oor drie telefoonnommers beskik wat hy kon skakel. Hy sê toe nee, dit lyk vir hom die goed is gesteel. Die getuie het toe die drie telefoonnommers

gaan haal en dit tot adjudant-offisier Ramaketsi se beskikking gestel. Volgens hom het die adjudant-offisier nie daarin belang gestel om die nommers te skakel nie.

[30] Hy het gehoor dat mnr Du Toit na wiele verwys het. Volgens hom het hy toe verduidelik dat sy seun dié wiele saam met 'n voertuigwrak vir R2 000.00 by Piet Jacobs gekoop het en dat hy hom gehelp het om die wrak met wiele na die plot toe te bring. Daar was vier wiele, maar een daarvan is geleen aan 'n man by 'n veepos wat 'n pap wiel gekry het. Mnr Du Toit het toe gesê dat dit vir hom lyk of die een wiel sy eiendom is. Die goedere is toe deur die polisie in beslag geneem. Hy het toe sy seun geskakel en gesê die polisie is daar. Volgens hom was al die wiele silwer, nie een was swart nie. Hy is toe daar gearresteer waarna hy saam met die polisie Bloemhof toe is.

[31] By die speurtak het hy die telefoonnommer van 'n sekere Thabo aan adjudant-offisier Swart gegee. Hy het toe die nommer geskakel en daarna die telefoon aan adjudant-offisier Ramaketsi oorhandig. Volgens hom het dit toe gelyk of die telefoon "uitgesny het". Adjudant-offisier Swart het toe telefonies met sy seun gepraat en hom versoek om daarheen te kom. Nadat sy seun daar was het hy weer gery. Daar is nie met sy seun oor die wiele gepraat nie.

[32] Volgens die eiser het hy ook in die kantoor melding gemaak van Thabo asook 'n sekere Brown wie se telefoonnommers hy aan adjudant-offisier Ramaketsi gegee het. Volgens hom sou Brown bevestig het dat die

myntoerusting aan hom behoort. Adjudant-offisier Ramaketsi het toe gesê hy kan self skakel aangesien hulle nou haastig is. Hy is toe daarna geboei en in die selle aangehou. Later die Maandag het hy in die Hof verskyn waarna hy op borg vrygelaat is. Sy seun, Piet Jacobs en sy swaer was toe ook daar. Die drie wiele is later aan sy seun teruggegee.

[33] Hy het ook verduidelik dat ongeveer agt jaar voor hierdie voorval was hy in 'n veediefstalsaak betrokke. 'n Man het hom gevra of hy twee beeste vir 'n rukkie by hom kon los. Later het die man hom versoek om die beeste te verkoop aangesien hy hulle nie kon vervoer nie. Hy het toe 'n spekulant gekontak om die beeste te verkoop.

[34] In kruisverhoor het hy bevestig dat hy aan veediefstal skuldig bevind is. Hy het ook bevestig dat mnr Du Toit die een wiel as sy eiendom uitgeken het. Hy het nie betwis dat van die kabels afgeknip was nie. Hy het ook toegegee dat op die stadium toe hy gearresteer en opgesluit is, was daar nog nie bevestiging gekry dat die myntoerusting aan Brown en Thabo behoort nie.

FICK JUNIOR

[35] Mnr Fick Junior is die eiser se seun. Volgens hom was hy die oggend van 25 November 2011 dorp toe om hondepille te gaan koop. Die eiser het hom toe geskakel en gesê dat die polisie die wiele en myntoerusting wil vat. Adjudant-offisier Swart het hom later geskakel en versoek om by die

speurtak aan te doen. Toe hy daar aankom is daar nie oor die wiele gepraat nie en hy is ook nie gevra om 'n verklaring daaroor af te lê nie.

[36] Volgens dié getuie het die wiele van 'n voertuig afgekom wat hy by 'n sekere Jacobs gekoop het. Daar was vier wiele, maar een daarvan is vir 'n persoon by 'n veepos geleen. Hy het verder getuig dat hy self gehelp het om die delftoerusting daar op die plot af te laai. Daar is toe ook delwerspermitte aan hulle getoon. 'n Sekere Thabo was die voorman. Hulle het ook pype daar afgelaai. Die getuie het gedink die myntoerusting behoort aan hulle. Hy het geen rede gehad om te dink dat die goed gesteel is nie.

[37] In kruisverhoor het hy getuig dat al vier wiele was silwer en dat nie een swart was nie. Hy het ook verduidelik dat die myntoerusting op die plot afgelaai is ongeveer 1½ maand voor die eiser gearresteer is. Hy het toegegee dat die persone wat die myntoerusting daar afgelaai het nie weer na die plot teruggekeer het voor die eiser se arrestasie nie.

**BESPREKING**

[38] Daar is namens die eiser betoog dat die bewyslas op die verweerder rus om die regmatigheid van beide die arrestasie en die aanhouding op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys. Daar is verder aangevoer dat die verweerder nie daarin geslaag het om hierdie bewyslas te kwyt nie en dat die eiser onregmatig gearresteer en aangehou is. Die betoog lui verder dat, met inagneming van die getuienis, die eiser se verduideliking

nie na behore opgevolg is nie en dat sy arrestasie op 'n arbitrêre wyse uitgevoer is. Namens die verweerder is aangevoer dat die verweerder wel daarin geslaag het om die bewyslas te kwyt. Die betoog lui verder dat, met inagneming van die getuienis, die arresterende beamptes wel oor 'n redelike verdenking beskik het en dat die een wiel wat deur mnr Du Toit uitgewys is, gesteelde eiendom was.

[39] Dit is gemene saak dat die eiser sonder 'n lasbrief gearresteer en aangehou is. Ek stem saam dat, in die lig hiervan, die bewyslas op die verweerder rus om die regmatigheid van die arrestasie en aanhouding te bewys. Hierdie beginsel is soos volg in Minister of Law and Order & Others v Hurley & Another 1986 (3) SA 568 (A) op 589E-F verduidelik:

> *"An arrest constitutes an interference with the liberty of the individual concerned, and it therefore seems to be fair and just to require that the person who arrested or caused the arrest of another person should bear the onus of proving that his action was justified in law."*

[40] Die verweerder voer aan dat die arrestasie en aanhouding regmatig was en steun in hierdie verband op die bepalings van artikel 40(1)(b) en (e) wat soos volg lees:

> *"(1) 'n Vredesbeampte kan iemand sonder lasbrief in hegtenis neem –*
>
> *...*
>
> *(b) wat hy redelikerwys verdink dat hy 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf gepleeg het, behalwe die misdryf van ontsnapping uit wettige bewaring;*
>
> *...*

*(e) wat in besit gevind word van enigiets wat die vredesbeampte redelikerwys vermoed gesteelde goed te wees of goed te wees wat op oneerlike wyse verkry is, en wat deur die vredesbeampte redelikerwys verdink word 'n misdryf ten opsigte daarvan te gepleeg het; "*

**SUBARTIKEL (1)(b)**

[41] Die vereistes wat deur subartikel (1)(b) vir 'n regmatige arrestasie sonder 'n lasbrief gestel word, is die volgende: die arrestasie moes deur 'n vredesbeampte uitgevoer word; die vredesbeampte moes 'n vermoede of verdenking gehad het dat die verdagte persoon 'n Bylae 1 misdryf gepleeg het; en die vermoede of verdenking moet op redelike gronde berus (Minister of Safety and Security v Sekhoto 2011 (1) SASV 315 (HHA) par 6).

[42] Dit is nie in hierdie saak in geskil dat die arrestasie deur 'n vredesbeampte uitgevoer is nie. Dit is wel in geskil dat die polisiebeampte wat die arrestasie uitgevoer het, 'n redelike verdenking kon gehad het dat die eiser 'n Bylae 1 misdryf gepleeg het. In soverre dit relevant is, verwys Bylae 1 na onder andere inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemenereg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg; diefstal, hetsy ingevolge die gemenereg of 'n statutêre bepaling; en ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.

[43] Volgens die getuienis van adjudant-offisier Ramaketsi het hy die eiser gearresteer vir besit van vermoedelik gesteelde goedere. Hierdie

verduideliking, soos ek dit verstaan, strook nie heeltemal met die inhoud van subartikel (1)(b) nie. Besit van vermoedelik gesteelde goedere blyk ook nie dieselfde te wees as die ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is nie. Indien adjudant-offisier Ramaketsi 'n Bylae 1 bedoelde misdryf in gedagte gehad het, soos byvoorbeeld inbraak by of betreding van 'n perseel of selfs diefstal, dan sou ek verwag dat hy daarna moes verwys het, of dat dit duidelik uit die feite en omringende omstandighede afgelei kan word.

[44] Dit word immers deur subartikel (1)(b) vereis dat die vredesbeampte 'n redelike verdenking moes gehad het dat die verdagte persoon 'n Bylae 1 misdryf gepleeg het. Die besit van vermoedelik gesteelde eiendom (in teenstelling met die ontvangs daarvan wetende dat dit gesteel is) blyk nie 'n Bylae 1 misdryf te wees nie en daar kan ook nie uit die feite en omringende omstandighede afgelei word dat hy vermoed het die eiser 'n Bylae 1 misdryf gepleeg het nie. Ek is gevolglik nie oortuig dat 'n beroep op hierdie subartikel die verweerder ten goede strek nie.

## SUBARTIKEL (1)(e)

[45] Die verweerder steun verder ook op die bepalings van sub-artikel (1)(e). Volgens die bewoording van hierdie subartikel blyk die vereistes die volgende te wees: die arrestasie moes deur 'n vredesbeampte uitgevoer word; die verdagte persoon moet in besit van die goedere gevind word; die vredesbeampte moet redelikerwys vermoed dat die goed gesteel is

(of dat dit goed is wat op 'n oneerlike wyse verkry is); en dat daar by die vredesbeampte 'n redelike verdenking bestaan het dat die verdagte persoon 'n misdryf ten opsigte van daardie goed gepleeg het.

[46] Dit blyk nie in geskil te wees dat die goedere ter sprake wel deur polisiebeamptes in besit van die eiser gevind is nie. Dit is wel in geskil dat die polisiebeampte wat die arrestasie uitgevoer het redelikerwys kon vermoed het dat die goedere gesteel is asook dat daar by gemelde polisiebeampte 'n redelike verdenking kon bestaan het dat die eiser 'n misdryf ten opsigte van daardie goedere gepleeg het.

[47] Die woorde "redelikerwys vermoed" en "redelikerwys verdink" se eweknie in die Engelse teks is "reasonably suspects". Die vraag of die vermoede of verdenking redelik was, moet objektief beoordeel word. Bosielo AR het dit soos volg in <u>Minister of Safety & Security v Swart</u> 2012 (2) SASV 226 (HHA) op 232 (par 20) verwoord:

> *"It is furthermore trite that the reasonableness of the suspicion of any arresting officer acting under s 40(1)(b) must be approached objectively. The question is whether any reasonable person, confronted with the same set of facts, would form a suspicion that a person has committed a sch 1 offence."*

Alhoewel hierdie *dictum* op subartikel (1)(b) betrekking het, behoort die beginsel daarin neergelê ewe goed op subartikel (1)(e) van toepassing te wees.

[48] Een van die verskille tussen die twee subartikels het op die verwysing na 'n "misdryf" betrekking. In eersgenoemde geval word na 'n Bylae 1 bedoelde misdryf verwys, terwyl laasgenoemde geval klaarblyklik op enige misdryf (gemeneregtelik sowel as statutêr) betrekking het wat ten opsigte van die vermoedelik gesteelde goed gepleeg is. (Sien die woordomskrywing van 'n "misdryf" in artikel 1 van die Wet.)

[49] Die eerste vraag wat dus oorweeg moet word is of die polisiebeampte wat die arrestasie uitgevoer het redelikerwys kon vermoed dat die goedere ter sprake gesteelde goed is. In hierdie verband bestaan daar die volgende feite wat nie blyk in geskil te wees nie: mnr Du Toit het gedurende die betrokke oggend die hulp van die polisie ingeroep; hy het vir hulle van die voertuigspore wat tot by die eiser se plot gelei het, vertel; op die eiser se plot is sekere myntoerusting, insluitende wiele, onder 'n seil gevind; mnr Du Toit het ten minste een van die wiele as sy eiendom uitgeken; sekere van die myntoerusting se kabels was naby aan die pompe afgeknip; en die polisie ontvang verskeie klagtes van boere en delwers wat beweer dat hulle pompe en kabels gesteel word.

[50] By 'n objektiewe beoordeling van hierdie feite is dit moeilik om nie tot die gevolgtrekking te kom dat enige redelike persoon, wanneer hy of sy daarmee gekonfronteer sou word, ook sou gedink het dat die goedere vermoedelik gesteel is nie. Wat besonder van belang is, is mnr Du Toit se direkte uitwysing dat ten minste een van die wiele sy eiendom is asook die

feit dat sommige van die kabels naby aan die pompe afgeknip was. Dit kom verdag voor en sou 'n vermoede dat die goedere gesteel is, versterk. Dit is duidelik dat adjudant-offisier Ramaketsi ook so gedink het – vandaar sy verwysing na die besit van vermoedelik "gesteelde goedere".

[51] Dit is egter nie die einde van die saak nie. Die tweede vraag wat oorweeg moet word is of die polisiebeampte wat die arrestasie en aanhouding uitgevoer het 'n redelike verdenking kon gehad het dat die eiser 'n misdryf ten opsigte van gemelde goedere gepleeg het. Daar kan kwalik enige twyfel bestaan dat adjudant-offisier Ramaketsi se verwysing na die eiser se "besit van vermoedelik gesteelde goedere" bedoel was om 'n verwysing te wees na artikel 36 van die Algemene Regswysigingswet, No 62 van 1955. Dit lui soos volg:

> *"Iemand wat in besit gevind word van ander goed as 'vee' of 'produkte' soos in artikel 1 van die Wet op Veediefstal, 1959 (Wet No. 57 van 1959, omskrywe, ten opsigte waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit gesteelde goed is en wat nie in staat is om voldoende rekenskap van sodanige besit te gee nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat by 'n veroordeling weens diefstal opgelê kan word."*

[52] Hierdie is 'n statutêre misdryf wat uit sekere elemente bestaan soos in die artikel omskryf. Daar moet in hierdie verband in gedagte gehou word dat daar nie van 'n vredesbeampte verwag word om bo redelike twyfel oortuig te wees of te "bevind" dat die persoon aan hierdie misdryf skuldig is nie. Al

wat van hom verwag word is dat hy 'n redelike verdenking moes gehad het dat die persoon 'n misdryf ten opsigte van gemelde goedere gepleeg het.

[53] Adjudant-offisier Ramaketsi het getuig dat hulle vir die eiser om 'n verduideliking gevra het. Sy verduideliking het daarop neergekom dat die wiele deur sy seun daar aangebring was en die myntoerusting deur onbekende delwers. Hierdie verduideliking moet nou opgeweeg en beoordeel word in die lig van die feite wat nie in geskil is nie.

[54] Die goed was onder 'n seil gevind. Mnr Du Toit het ten minste een van die wiele as sy eiendom uitgeken. Die polisiebeamptes kon nie met sy seun 'n gesprek oor die wiele voer nie. Sommige van die myntoerusting se kabels was naby aan die pompe afgeknip. Dit skep die indruk dat die goed haastig verwyder is. Daar kon ook nie bevestiging gekry word dat die myntoerusting aan ene Brown en Thabo behoort nie. Die polisie het verskeie klagtes van boere en delwers ontvang wat beweer dat hulle pompe en kabels gesteel word.

[55] Wanneer die eiser se verduideliking (voor sy arrestasie) in die lig van al hierdie feite oorweeg word, is ek van oordeel dat die polisiebeamptes (en meer spesifiek adjudant-offisier Ramaketsi) nie verkwalik kan word dat hulle nie met die eiser se verduideliking tevrede was nie. Die eiser word onder verdagte omstandighede in besit van vermoedelik gesteelde goedere gevind. Dit is in besonder van belang dat hulle op daardie stadium nie enige bevestiging kon kry wat sy weergawe ondersteun nie. Ek is daarom van

oordeel dat hulle 'n redelike verdenking kon gehad het dat die eiser 'n misdryf ten opsigte van gemelde goedere gepleeg het, naamlik 'n oortreding van artikel 36 van Wet 62 van 1955.

[56] Laastens moet daar oorweeg word of die arresterende beamptes hul diskresie om te arresteer, behoorlik uitgeoefen het. Die volgende *dictum* in Minister of Safety and Security v Sekhoto, *supra*, par 39 is van belang:

> *"This would mean that peace officers are entitled to exercise their discretion as they see fit, provided that they stay within the bounds of rationality. The standard is not breached because an officer exercises the discretion in a manner other than that deemed optimal by the court. A number of choices may be open to him, all of which may fall within the range of rationality. The standard is not perfection or even the optimum, judged from the vantage of hindsight – so long as the discretion is exercised within this range, the standard is not breached."*

[57] Daar moet in hierdie verband in ag geneem word dat die eiser nie summier gearresteer is nie. Daar het eers 'n deursoeking in die teenwoordigheid van die klaer (mnr Du Toit), die eiser asook ander polisiebeamptes plaasgevind. Daarna is die eiser om 'n verduideliking gevra wat, vir die redes hierbo genoem, nie aanvaar is nie. Die eiser is toe gearresteer en na die speurtak geneem. Daar het verdere navrae gevolg in 'n poging om die verduideliking wat die eiser gegee het, op te volg. Dit maak op sigself nie die arrestasie by die plot onregmatig nie (Duncan v Minister of Law and Order 1986 (2) SA 805 (A) at 820B-E).

[58] By die speurtak is daar gepoog om met 'n sekere Thabo 'n telefoniese gesprek oor die myntoerusting te voer, maar volgens adjudant-offisier Ramaketsi het dit op 'n dooie punt uitgeloop. Volgens adjudant-offisier Swart het hy ook gepoog om inligting (telefoonnommers) op te volg wat die eiser aan hom verskaf het, maar ook dit was sonder sukses. Feit van die saak is daar kon steeds nie bevestiging vir die eiser se weergawe verkry word nie. Daar is toe besluit om die eiser aan te hou tot die daaropvolgende Maandag wanneer hy voor die hof gebring sou word.

[59] Met inagneming van al hierdie feite en omstandighede is ek van oordeel dat die verweerder daarin geslaag het om te bewys dat die arresterende beamptes hulle diskresie op 'n redelike wyse uitgeoefen het asook dat die eiser se arrestasie en aanhouding regmatig was. Gevolglik kan die eis nie slaag nie.

**BEVEL:** Die eiser se eis word van die hand gewys met koste.

**D S FOURIE**
REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
PRETORIA
26/2/15.